DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**11 September 2022**



**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Kolossense 1: 1 - 14 |
| **Tema** | Die kerk wat vir mekaar bid - dank God, smeek God, aanbid God! |
| **Sang** | Lied 203: 1, 3<br>Psalm 9: 7, 12<br>Skrifberyming 9-3: 1, 2<br>Skrifberyming 7-2: 1, 2<br>Psalm 150: 2, 3 |

Die apostel Paulus begin die brief deur God te dank. Hy begin deur God te dank vir die gemeente se geloof, liefde en hoop (1:3-8), doen voorbidding vir hulle (1:9-14 – dit is in Grieks een sin!), en laat die gebed dan sonder onderbreking oorgaan in 'n gesprek om hulle aan te spoor om self ook nie op te hou om die Here te dank nie (1:12-14). Dit mond uit in 'n poëtiese loflied op die voorrang van die Seun, wat die meeste geleerdes as 'n loflied uit daardie tyd identifiseer (1:15-20).

***Geloof, liefde en hoop***

Let op die wyse waarop Paulus oor die drie groot sake van die Christelike lewe skryf: geloof, hoop en liefde (1 Kor 13:13; 1 Tes 1:3; vgl ook 1 Pet 1:3-9). Hy beskryf hier geloof en liefde as dinge wat op die hoop gebou is. En dié hoop is verbind aan die hemel, God se werklikheid – 'n bietjie anders verwoord as in Paulus se brief aan Korinte en Tessalonika. Hoop is hier iets waarvoor God instaan. Dit is nie iets wat deur omstandighede weggeneem kan word nie.

Geloof word uitgespel as iets wat in Christus Jesus gewortel is; liefde word uitgespel as iets wat ons verhouding met al die gelowiges definieer. Die liefde het met die teenswoordige wêreld te make waar ons mekaar moet vashou in liefde – die hede; en dat die hoop met die toekomstige wêreld te make het, wat ons die moed gee om hier aan God en mekaar vas te hou – die toekoms.

***Om God te ken en vir Hom te lewe***

Let ook op wat Paulus vir hulle bid. Hy wil hê dat vyf goed van hulle waar sal wees, *vyf goed wat ons gerus ook vir mekaar kan bid*:

- Dat hulle God se wil duidelik sal ken (*epignosis*) deur die wysheid (*sophia*) en insig (*sunesis*) wat die Gees gee;
- Dat hulle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang;
- Dat hulle vrugte sal dra deur goeie werke;
- Dat hulle sal toeneem in hulle kennis van God;
- Dat hulle in alle omstandighede geduldig sal kan volhard deur God se wonderbare krag.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons dank die Here dat Veronica Schutte ‘n suksesvolle nekoperasie ondergaan het. Ons bede is dat die 3 maande met die nekstut draalik sal wees.
* Ons bid vir Marius Schutte wat weer bloedklonte in sy been het.
* Ons bid vir Gerhard Maritz wat Vrydag geopereer is. Ons bede is dat die Here die operasie sal seën en julle huis sal dra. Sterkte Martie en Johan met die nasorg.
* Ons is dankbaar dat Magda Heinlein se rugoperasie suksesvol gebeur het en tuis aansterk.
* Ons dank die Here dat Gerdien Kuijpers se kankertelling laer is. Baie sterkte vir die volgende chemo’s wat wag.
* Ons is saam met Magda Burger dankbaar dat haar kankertoetse skoon is. Seën vir jou.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 11 SEPT

**Diensbeurt: Wyk 7**

**Ouderling: Danie Combrink**

**Katkisasie: Hersiening**

**Diaken: Roelof Venter**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**11 September 2022**
**Theunet Kruger**
**Joanita Kuilder**
**Ziany Kuilder**
**Heila Lessing**
**Chane Meintjies**

**18 September 2022**
**Geen koffie of tee sal bedien word nie agv die Nagmaal.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 12 September | 18:00 | *Kerk* | Diakonie vergadering |
| 13 September | 09:00 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 14 September | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 14 September | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 15 September | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 15 September | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 11 Sept | Lana Nel | 55 | B | 083 794 4958 |
| Di 13 Sept | Willie Erasmus<br>Lukas v Ree | 60<br>16 | B<br>D | 083 462 4018<br>079 507 4563 |
| Wo 14Sept | Theuns Koekemoer<br>Kallie Botha | 67<br>47 | B<br>B | 082 083 1058<br>082 567 7918 |
| Do 15 Sept | ***Marie Venter*****<br>Kallie Stassen | ***85***<br>27 | B<br>D | 072 625 5324<br>079 677 3815 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Wo 14 Sept 2019 | Anthony & Mart-Alet Schnehage | 3 | 081 476 4937<br>060 924 7149 |

# KERK RAMINGS

| | Raming per belydende lidmaat | | | | Totale ramings | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2023 | 2023 | | 2022 | 2023 | 2023 | |
| | | | **% verander** | **% v. totaal** | | | **% verander** | **% v. totaal** |
| **Aantal belydende lidmate** | | | | | **45 075** | **43 433** | -3.60% | |
| EVT* | 423.2 | 455.19 | 7.60% | 48% | 19 075 530 | 19 770 062 | 3.60% | 49% |
| Medies | 154.75 | 162.21 | 4.80% | 18% | 6 975 314 | 7 045 067 | 1.00% | 17% |
| Thuso* | 30.18 | 32.89 | 9.00% | 3% | 1 360 477 | 1 428 469 | 5.00% | 4% |
| | **608.13** | **650.28** | **6.90%** | **69%** | **27 411 290** | **28 243 598** | **3.00%** | **70%** |
| TSP* | 188.14 | 199.43 | 6.00% | 21% | 8 480 323 | 8 661 684 | 2.10% | 21% |
| Adminburo | 59.83 | 62.79 | 4.90% | 7% | 2 696 825 | 2 727 023 | 1.10% | 7% |
| Sinodekas | 10.13 | 4.17 | -58.80% | 1% | 456 449 | 181 218 | 60.30% | 0% |
| Argief | 8.53 | 7.73 | -9.50% | 1% | 384 705 | 335 601 | 12.80% | 1% |
| Studentehulpkas | 6.5 | 50.02 | -22.70% | 1% | 292 937 | 218 223 | 25.50% | 1% |
| | **881.25** | **929.42** | **5.50%** | **100%** | **39 722 529** | **40 367 347** | **1.60%** | **100%** |

*EVT (Emeritaatversorgingstrust)

*TSP (Teologiese Skool Potchefstroom)

*Thusdo (Is vir die versorging van emeriti van voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn.)

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

**Nagmaal sal op 18 Sept 2022 om 09:30 plaasvind.**



Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.

**Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, daar sal 'n tafel soos voor die Covid tydperk beskikbaar wees.**

Die ander lidmate sal die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# NAGMAALETE

Lidmate wat die **Nagmaalete op 18 Sept 2022** wil bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal op gesit is.

**Braai vleis (steak en wors) sal voorgesit word met pap en lekker sous**.

**Die susters word versoek om soos wat die gewoonte is met 'n Nagmaalete asb dan 'n slaai saam te bring.**



Onthou ook om eie eetgerei ens te bring.

**ONTHOU ASB ! ! ! ! ! ! ! ! ! !**
**Die susters van blok C is verantwoordelik vir nagereg by die Nagmaalete.**

# AKTIWITEITSKOMMISSIE

Hierdie komissie staan indiens van gemeente en werk hard om welwillendheid en eenheid in die gemeente te skep en te bevorder.

Gedurende die naweek van 23 en 24 September reel die kommissie ‘n kerkkamp by Jubaweni naby Naboomspruit as kuiernaweek vir al die gemeentelede. ‘n Beroep word op ons lidmate gedoen om saam te kom kuier en mekaar beter te leer ken.

Alle etes word voorsien en daar is charlets en kampplek beskikbaar met heerlike ontspanningsgeriewe vir kinders. Daar is ook wildritte en vele meer.

Daar word Saterdagoggend ‘n uur se Bybelstudie gedoen en Sondagoggend ‘n erediens en die res van die tyd kan u ontspan en ander gemeentelede beter leer ken.

Die hele Jubaweni oord is vir die doel bespreek en slegs ons gemeentelede word gehuisves in die oord.

Die Kommissie vra die gemeente om hierdie ontspanningsprojek te ondersteun.

# SILWERDOPPERS

Al die **Silwerdoppers** moet ONTHOU dat ons op **13 September weer “Ten Pin bowling”** gaan speel.



Ons kom almal **10:00** bymekaar om weer lekker te lag en saam te kuier.

**Vir navrae en vervoer kontak Marina vd Walt op 072 135 6905.**

## STILGEBED

Soos lidmate nou al weet word daar ‘n geleentheid gebied aan lidmate om na die diens ‘n stil gebed te doen. Die gebed is ongeveer ‘n minuut lank.



Die kerkraad wil graag die volgende orde daarmee saam bring.

Lidmate sal steeds die geleentheid gegun word vir ‘n stilgebed, Ds Sarel sal na ‘n minuut afsluit met ‘n Amen, waarna Ds Sarel die slot gebed sal doen.

Kollekte sal dan opgeneem word en die slot Psalm sal daarna volg.

## AANDDIENSTE

Die Kerkraad het ‘n besluit geneem met die Breëkerkraadsvergadering dat daar weer aanddienste sal wees.

Die dienste sal soos voorheen ‘n preekbespreking na die erediens insluit. Daar sal ook relevante onderwerpe bespreek en gedebateer word.

Lidmate word ook versoek om hulle insette te gee met onderwerpe wat hulle graag sou wou bespreek.

Die aanddienste sal na die skoolvakansie begin en lidmate moet asb die Basuin dophou vir dataums en tye van die aanddienste.


GEMEENTEKAMP
Die aktiwiteitskommissie beplan *'n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.*
Vir besprekings en pryse kyk agter in die portaal!!!
**Moet nie die geleentheid misloop nie bespreek NOU en voorkom teleurstelling!!!!!!**
Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!
Onthou om die Kerkkamp se gelde teen 31 Aug te betaal!!!

# NAGMARK




Ons hou basaar ***"NEE NEE ons hou die beste NAGMARK ooit"*** op ***Vrydag 28 Oktober 2022.***

Ons beplan om soos gewoonlik stalletjies soos **Wit Olifant tafel, koek en gebak tafel, pannekoek tafel, wors broodjies en koeldrank en water stalletjie** ens te hê. Daar sal ook 'n springkasteel en waterglybaan wees om die kinders besig te hou.


***En die beste van die aand sal die bees op 'n spit wees, vir aand ete. Kaartjies sal teen R 120.00 per persoon verkoop word. Saam met dit sal daar pap en sous asook slaai en VARS gebakte brood bedien word.***

Lidmate en ander persone wat stalletjies wil behartig vir die aand is welkom, bv. enige handgemaakte items ens. Die stalletjie sal jou R 200.00 kos, 'n "bargain" soos min.

Enige skenkings kan nog gedoen word. - kontak vir Daleen: 079 490 2678.

Moet nie die datum vergeet nie , teken dit nou al aan op jou kalender.

# EVANGELISASIE



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

## Getuie Wees met Woord en Daad

**Prof Flip Buys**

- Die Heilige Gees maak ons getuies van Christus (Joh 15:26)
- In 1 Joh 5:10 staan daar dat elkeen wat in die Seun van God glo, die getuienis in sy hart het.
- Dit alles hou in dat ons met ons woorde en ons dade, elke oomblik van ons lewe, getuies van Christus is.



## Dade Sonder Woorde is Nie Getuienis van Christus Nie

- **Praat pertinent van die Here en Sy liefde en genade, die bron van lewe.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Woorde Sonder Dade Ontneem My Getuienis alle Oortuigingskrag

- **Liefde moet sigbaar word in konkrete dade van hulpbetoning. Onderlinge liefdesbetoning bevestig die integriteit van die evangelie.**



## Verkondig met Woord en Daad

- **Die Here verwag van ons om sy magtige evangelie van liefde vir sondaars met woorde en met dade aan die wêreld te gaan verkondig.**

***Gebed: Here gee dat ek met woord en daad U liefde in Christus uitdra waar ek gaan. Amen***

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle*

*Kolossense 1: 3*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS